**Maandag 25 April**

**Skrifgedeelte: Esegiël 8:1-12**
**Fokusgedeelte: Esegiël 8:12**

## God sien ons … altyd

Wanneer ons met sondige dinge besig is, probeer ons gewoonlik om ons optrede weg te steek. Niemand mag weet waarmee ek besig is nie, sodat my naam nie in oneer gebring word nie. So steek ons dikwels ons sonde vir mense weg. Die grootste probleem is dat ons dink ons kan ons sondigheid vir God wegsteek.

Esegiël sien deur die Gees gesigte met betrekking tot die dinge wat in Jerusalem gebeur. Hy is saam met die eerste bannelinge weggevoer en sit op die oewer van die Kebarrivier. Baie van sy volksgenote dink dat die eerste wegvoering vinnig sal verbygaan en dat hulle spoedig weer na Jerusalem sal kan teruggaan.

Deur Esegiël openbaar die Here dat die volk hulle nie van hulle afgode bekeer het nie. Esegiël moet deur ’n gat in die muur kyk en die growwe gruwels sien wat die volk bedryf. Hulle is totaal vervalle in die natuurgodsdienste van Baäl en Astarte-aanbidding. Hulle is in die duisternis besig met hulle diens aan die afgode en hulle dink die Here sien hulle nie. Hulle ontken die alomteenwoordigheid en die alwetendheid van God.

In sy alwetendheid en alomteenwoordigheid sien die Here ook ons sonde. Daardie dinge wat ons dink ons in die donkerte van ons binnekamer doen, die sondige gedagtes van wellus, gierigheid en afguns – dis openbaar voor Hom. Ons kan niks versteek nie.

Ons hoef ook niks voor die Here te versteek nie, want Christus het vir ons sonde betaal en ons met God versoen. Hy stel al ons werke, goed en sleg, in sy lig, en as verloste kinders het ons niks om te vrees nie, want Hy het dit vir ons gedra. Hy het Christus in die dood verlaat sodat ons nooit deur Hom verlaat sal word nie.

Laat ons daarom in hierdie dag leef in die wete dat Hy ons en ons werke sien. Met dankbaarheid kan ons leef om Hom te eer.

*Sing: Psalm 97:1, 7 (1936)*

*Ds. C (Christiaan) Jooste (Wonderboompoort)*